


# NALA VEILIG TUIS


Nala se redders moes die rooster afsny om haar uit te kry.


Nala het ernstige beserings opgedoen maar was soos goud opgepas by Medivet Dierekliniek.

**Thabazimbi** – Die Wentzel-gesin se huis is geleë op die hoek van Sesdelaan en Van der Bijlstraat in Thabazimbi. Hul woning grens aan die steilste deel van Van der Biljstraat se opdraand. Voertuie verloor telkens spoed teen die bult uit, loop agteruit, verloor beheer en bars dan deur hul heining. Die heining is reeds vier maal in die verlede herstel en dit is nou die vyfde keer wat hul 'n eis by die versekering moet indien vir presies dieselfde probleem.

Op Saterdag, 4 Julie om ongeveer 14:00 die middag, het 'n voertuig vir die hoeveelste keer deur hul palissade gebars. Die eis is ingedien by die versekering, maar die proses neem gewoonlik maande. Intussen is die heining 'n gapende opening wat toegang vir ongewensde faktore bied.

Twee *pit bull terriers* het deur hierdie gat toegang verkry tot die erf en om ongeveer 02:00 die nag van 12 Julie, het die Wentzels se buurvrou, Melanda van der Walt, honde hoor baklei en tjank. Sy het ondersoek ingestel en gesien dat twee *pit bulls*, een donkerbruin en een lig van kleur, besig was om hul geliefde *Golden Retriever,* Nala, wreed aan te val.

Melanda kon nie daarin slaag om hulle te verwilder nie en het in die huis gaan soek vir iets waarmee sy hulle die skrik op die lyf kon jaag. Haar tweede poging was egter weer onsuksesvol. Die honde wou nie vir Nala los nie. Melanda het vir Nala probeer nader roep en is weer in die huis in om 'n alternatief te probeer vind om die twee *pit bulls* te probeer verdryf. Toe sy weer buite kom, het al die honde verdwyn. Sy het na Nala geroep, maar kon haar nie vind nie.

Elmarie en Vihan Wentzel was nie die naweek tuis nie en het vir Nala in die sorg gelaat van die inwonende huurder. Melanda het Sondagoggend vir Elmarie gebel en ingelig van die insident. Sy en Rowan Alcock, die huurder, het die erf gefynkam, maar kon vir Nala nêrens vind nie. Elmarie het vir Thane Hearne gekontak en sy het ook help soek na Nala – sonder sukses.

Hierna het sy die veeartse en vir Tania Cambell van Thabazimbi Animal Rescue (TAR) gekontak om vas te stel of 'n beseerde hond nie dalk by hulle uitgekom het nie. Tania en Medivet se Louis Greeff het dadelik Facebook- plasings gedoen om die gemeenskap te vra vir hulp om Nala te vind.

Nico en Anita Engelbrecht het ook uitgevind dat Nala vermis is en het dadelik oral in die omgewing na haar begin soek. Ganadiglik het Anita aangedring daarop om die takke wat die stormwaterpyp aan die onderkant van die erf versper het, weg te sny sodat sy binne-in die pyp kon inkyk met 'n flitslig. Uiteindelik het sy beweging gesien, ongeveer 100m verder in die pyp af. Nala het skuiling gesoek onder die rooster wat die stormwatersloot bedek aan die oorkant van die pad.

Dit was onmoontlik om die rooster gelig te kry. Tokkie Swanepoel is gekontak om te help om toestemming van die munisipaliteit se kant af te kry om die rooster oop te maak. Tokkie was dadelik op die toneel en het vir Gomba Uniform, 'n ketelmaker van beroep, gaan haal. Intussen het Gerrie Raubenheimer en Org Bezuidenhout ook by die reddingspan aangesluit en 'n spanpoging is in werking gestel om vir Nala te bevry.

TAR het gereël met Louis Greeff en Nico en Anita het haar veilig by Medivet besorg.

Nala het ernstige beserings opgedoen en is met die grootste liefde versorg by die veearts. Sy is tans veilig tuis.

Die ongelooflike reaksie van die gemeenskap is werklik 'n riem onder die hart. Elmari en Vihan het dadelik teruggery van Pretoria af om vir Nala te help soek, maar teen die tyd wat hul in Thabazimbi aangekom het, was Nala reeds veilig by die veearts.

Die Wentzel-gesin wil hul opregte dank teenoor hierdie vrywillige, goedhartige en uiters bekwame span reddingswerkers uitspreek: Org Bezuidenhout, Gerrie Raubenheimer, Nico en Anita Engelbrecht, Tokkie Swanepoel, Gomba Uniform, Melanda van der Walt, Rowan Alcock, Tania Cambell, Magda Steward, Thane Hearne en Medivet Dierekliniek.

## CHURCHES / KERKE

### NEW WAY CHRISTIAN CHURCH

Services: Sunday Morning: 9:00. C/o Judith & V d Bijl Street (Old Standard Bank Building) | Billy Pring 082 455 5165 | NWCC Thabazimbi | newwaychristianchurch.yolasite.com

### HERVORMDE KERK NORTHAM

Dienstye: Sondae oggende: 8:30
Op die Brits pad. Kontak: Ds. Kiewiet van Deventer 082 881 2595

### NG KERK NORTHAM

Dienstye: Sondag Oggend: 9:00.
Venter straat 6, Northam. Kontak: Ds. Marius Hurter: 082 331 9216. Kantoor: 014 784 0915

### PINKSTER BEWEGING THABAZIMBI

Dienstye: Sondae oggende 9:00 en Sondae aande 17:00. Jeug: Maandae aande 19:00. Selgroepe: Donderdae aande 19:00. Thabazimbi en Setaria.
kontak Colette op 076 990 8991
Ons Bid ook elke aand 18:00 vir gebedsversoeke kontak Ina op 083 639 9658
Deena str 11 Thabazimbi, Pastore Bakkies en Elna Eayrs 078 195 3851

### GEREFORMEERDE KERK THABAZIMBI

Dienstye: Sondag Oggend: 10:00
H/v Frikkie Meyer straat en Knoppiesdoring laan. Epos: kantoor@gktbz.co.za |
Gereformeerde-Kerk-Thabazimbi
http://www.gktbz.co.za

### LEWENDE WOORD SWARTKLIP

Dienstye: Engelse diens: 8:00 / Afrikaanse diens: 9:30. Aanddiens : 18:00. Hoek van Sering en Soetdoring straat Swartklip. Kontak: Pastoor Donnie van Tonder by 079 896 0260

### OU APOSTOLIESE KERK SWARTKLIP

Dienstye: Sondag Oggend: 8:30 / Maandae - Vrydae Aande: 18:30. Kersboom 3, Swartklip. Kontak: Broer Louw Sevenster.
Sel: 064 909 4751

### BROKEN VESSELS

Vroue Bediening/Women Ministry | Thabazimbi Thursdays | Setaria Wednesdays | Counselling for Women & Children | Michelle Pereira | 073 020 4542.

### PPK THABAZIMBI

Dienstye: Erediens - Sondae 10:00, Bybelskool - Maandae 17:30, Vroue Byeenkoms - Woensdae 09:00 en Gemeente Biduur Woensdae 18:00. Kontak 083 459 1751

### SHAMMAH FAMILY CHURCH MINISTRIES

'n Tweetalige Pinkster Kerk wat te Bonanza gronde geleë is, almal welkom. Dienstye Sondae oggende 08:30 en aanddienste om 18:00. Woensdae oggende om 10:00 Vroue biduur en Evangelisasie uitreik. Donderdae aande om 18:00 Biduur. Vrydae oggende 10:00 Vroue en Mans Lering byeenkoms. Kontak gerus kantoor vir enige navrae - Susan Kloppers 082 820 5603.

### BOSVELD FAMILIE BEDIENINGE

Woensdae aande om 6:30 tot 8:00. Gebed en persoonlike bediening. Ons bid saam en deel vanuit die Woord van God. Ek kan ook gekontak word op WhatsApp by 079 165 9860 vir berading en gebedsgenesing of selfs net vir n oor om te luister. Pastoor Annatjie Breedt

### NG KERK THABAZIMBI

Dienstye: Sondae oggende: 9:00
Op die hoek van 10de Laan en Berg straat.
Kontak: 014 777 2183

### PPK THABAZIMBI

Dienstye: Sondae oggende 10:00, Sondae aande 18:00. Bidure: Woensdae oggende 09:00, Woensdae aande 18:00
Jourdan straat 2 (Reg langs Kumba bioskoopsaal). Vir navrae skakel gerus: Pastoor Dion & Belinda Cilliers 083 459 1751.

### TRUE LIFE MINISTRIES

Located in Thabazimbi between Ysterberg Primary School and Transnet Location. Invites you to attend its services: Sunday 10:00 - 13:00 normal service and 18:00-19:30 Praise & worship, Monday 18:00 -19:30 fasting & prayer, Friday 17:00 - 18:30 Youth service, Saturday 15:00 - 16:00 Ladies services. For more information contact pastor SA Mnisi at 082 936 5393


### WORD OF LIFE MINISTRY

Located in Northam Mojuteng, Ramotlhodi street, Word of Life Ministry invites you to attend its services: Sunday 10:00 - 13:00 normal service, Tuesday 18:00-19:00 fasting and prayer, Friday 17:00-18:30 youth service and Saturday 15:00-17h00 praise and worship. For more information contact pastor PB Khumalo at 072 335 2580 or pastor P Khumalo at 072 527 2732.

## SOULFOOD

### JAMES 1

1 James, a servant of God and of the Lord Jesus Christ, To the twelve tribes
scattered among the nations: Greetings. 2 Consider it pure joy, my brothers
and sisters, whenever you face trials of many kinds, 3 because you know that
the testing of your faith produces perseverance. 4 Let perseverance finish its
work so that you may be mature and complete, not lacking anything. 5 If any
of you lacks wisdom, you should ask God, who gives generously to all without
finding fault, and it will be given to you. 6 But when you ask, you must believe
and not doubt, because the one who doubts is like a wave of the sea, blown
and tossed by the wind. 7 That person should not expect to receive anything
from the Lord. 8 Such a person is double-minded and unstable in all they do.
9 Believers in humble circumstances ought to take pride in their high position.
10 But the rich should take pride in their humiliation—since they will pass away
like a wild flower. 11 For the sun rises with scorching heat and withers the
plant; its blossom falls and its beauty is destroyed. In the same way, the rich
will fade away even while they go about their business.
12 Blessed is the one who perseveres under trial because, having stood the
test, that person will receive the crown of life that the Lord has promised to
those who love him. 13 When tempted, no one should say, "God is tempting
me." For God cannot be tempted by evil, nor does he tempt anyone; 14 but
each person is tempted when they are dragged away by their own evil desire
and enticed. 15 Then, after desire has conceived, it gives birth to sin; and
sin, when it is full-grown, gives birth to death. 16 Don't be deceived, my dear
brothers and sisters. 17 Every good and perfect gift is from above, coming
down from the Father of the heavenly lights, who does not change like shifting
shadows. 18 He chose to give us birth
through the word of truth, that we might
be a kind of firstfruits of all he created.



NEW KING JAMES VERSION (NKJV)